

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

>>> BLADSY 2

Platteland glo in Heilbron

Local Choice het besluit om hier te investeer en glo daar is nog groei in die plattelandse ekonomie.



>>> BLADSY 7

Vyand of bondgenoot?

Kyk rond en jy sien onskuldiges, betersweters, allesweters, intellektueles en dié wat eenvoudig nie omgee nie.

>>> BLADSY 8

Besigheidsliga finaal

Die hoofdoel was om fondse in te samel vir die rolbalklub. Die span van die gholfkomitee het uiteindelik weggestap as winners.

SKONER, GESONDER, BETER OMGEWING

Die Eeufoesdam het met die jare 'n oogseer geword vir Heilbron omgewing. Die geboue is afgebreek, die parkie is tot niet en die water is onbruikbaar vuil. Twin Mosia, gebore en woonagtig in Petrus Steyn, is 'n bekroonde omgewingsaktivis, van plan om nie net in Heilbron 'n verskil te maak nie, maar ook die Riemland-roete – Sasolburg, Heilbron en Petrus Steyn. Twin het saam met Lindsay van der Byl, Abe Mokoena en Sidney Mosia bymekaar gekom

by die dam op 24 Oktober met die doel om die omgewing skoon te maak, om groentetuine te bevorder en dorpe skoon en netjies te hou. Lindsay het by die byeenkoms 'n motiveringsgesprek gehou waar hy die jeug motiveer om weg te bly van dwelms en politiek en eerder in die gemeenskap betrokke te raak. Lindsay is bekend vir sy jaarlikse fietstoer vanaf Pretoria na Kaapstad om lees te bevorder waar hy boeke uitdeel gedurende die toer.

Hy het ook vir hierdie byeenkoms vanaf Soweto te fiets gery om by die groep aan te sluit en aan die jeug van Phiritona en Petrus Steyn 'n leierskapsprogram aan te bied. Daarna spring hy op sy fiets weer terug Soweto toe die 25ste. Twin vertel dat hierdie program nie op iets spesifiek sal fokus nie, maar behels vele onderwerpe. Dit is vir hom belangrik om ernisgebiede te bewaar en hy deel graag sy passie van kuns en kultuur.



BERNICE WEST
by die Steerstoer

7 NOVEMBER 2020
12:00
R100 PP
VOORSKOOL
GRATIS

STIAAN REYNIERSE

BY GONDVEERTJIE IN HEILBRON

076 597 7780

Essentiale **R109.95**
50 Capsules

R128
60 Capsules

R90.95
25 Effervescent

ACC 200



Pharmacy & Clinic

57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

PLATTELAND

KLINIEKTYE: DINSDAE & DONDERDAE: 08:00 - 17:00

☎ 087 527 0723 | 📞 071 5433144 | ✉ platteland@thelocalchoice.co.za

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135
Postbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071
✉ pi@frankfort@bkbblouwido.co.za

www.bkb.co.za
Reg. No. 2005/020173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*



Vlnr: Hazel Trotters, Jolien Engelbrecht, Ellen Fourie, Anika Breitenbach, Elizna de Winnaar, Dedré Mohale, Brumilda Theron

GELUK AAN WENNERS

Gedurende Augustus het Office National hulle verjaarsdag gevier met 16 *sweet* aanbiedinge. Deur enige 2 produkte in een transaksie aanlyn, of in die winkel te koop het jy 'n kans gekry om 1 van 16 kragopwekkers te wen. Strokies is ingestuur en die trekking het plaasgevind op 16 September 2020. Drie Herald Office National kliënte het elk 'n kragopwekker gewen en deur die loop van die week ontvang. Dankie vir elkeen se getroue ondersteuning en baie geluk aan Bambi Kleuterskool, Corli Moolman (regs), Chrismari Greef (middel), Maria Maloka (onder) en



PLATTELAND GLO IN HEILBRON

Local Choice Platteland het besluit om hier te investeer en glo daar is nog groei in die plattelandse ekonomie en dat die groep bekostigbare pryse hierheen kan bring. Saterdag was die groot opening na nagte se swoeg om die apteek en voorraad reg te kry vir openingsdag. Aan die stuur van sake is Jacques van Rooyen en Jolien Engelbrecht. Paul Beukes van Local Choice (links) oorhandig hulle sertifikaat.



STADSAAL IS DIE NUWE VULLISHOOP



Dit is tragies om te sien hoe die omgewing van Heilbron se Stadsaal lyk. Vullis word oral gestrooi, ruite is gebreek en wie weet wat binne aangaan. Inwoners is in rep en roer op sosiale media oor die 40% wat van jou krag aankope verhaal gaan word as diensterekenings agterstallig is. Miskien is die tyd ook ryp dat van binne af skoonmaak moet word.

SALON ZINADRI DOEN DIT WEER

In die Heilbron Herald se 6 September 2019 uitgawe is berig dat Salon Zinadri aangewys is as "Kadus Retailer of the year". Hierdie geliefde haarversorging- en skoonheidssalon, geleë in die Vegkop uitbreiding, is nie net bekend vir hulle goeie diens en vriendelikheid nie, maar is hulle vanjaar aangewys as die grootste Goldwell salon in die Vrystaat en die Noord-Kaap.

Op die foto regs: Driekie Flemming en haar dogter Hanneljie Flemming



LOUW WEPENER

■ Quarta Pretorius

Die algemene neiging onder sekere Suid-Afrikaners is deesdae om dit waarvan jy nie hou nie aan die brand te steek, of dit te beskuldig. Die mees onlangse geval van sabotasie, was die twee beelde van Louw Wepener op Bethulie en Wepener. Maar wie was Louw Wepener?

Lourens Jacobus (Louw) Wepener is in Graaff Reinet gebore, waar hy by sy oom Lourens grootgeword het. Toe sy broers aan die Groot Trek deelneem, bly hy in die Kaapkolonie, waar hy aan drie grensoorloë (1834 tot 1853) deelneem. As waarnemende



veldkornet toon hy reeds die dapperheid wat aan voortvarendheid grens.

Hy trek in 1850 Vrystaat toe en koop twee plase in die Bethulie distrik Constantia en Moordenaarspoort. Sy simpatie het by die jong Vrystaatse Republiek gelê.

Vanweë sy uitmuntende leierseienskappe word hy tot kommandant bevorder. Met die tweede Basoeto-oorlog van 1865 toon hy sy militêre vernuf deur die Thaba Bosigo, bergvesting van die Basoeto met die voorlaaierkanon te bestook. Ook slaag hy en sy manskappe daarin om die een vesting na die ander te oorrampel. Tydens een van hierdie aanvalle



op 15 Augustus 1865 word kommandant Louw Wepener dodelik gewond. Sy stoflike oorskot is aanvanklik op die kruin van Thaba Bosigo begrawe, maar is later deur sy seun gehaal en op Constantia, buite Bethulie herbegrawe, waar ook 'n gedenkteken opgerig is.

Op die dorp Wepener, wat na kommandant Louw Wepener genoem is, staan daar 'n simboliekryke monument ter herdenking van hierdie Boereheld. Op 15 Augustus 1965, honderd jaar na sy dood, is 'n pragtige borsbeeld deur die beeldhouer Coert Steynberg voor die stadsaal



op Wepener opgerig. Die borsbeeld is opgerig op drie groot rotsblokke uit Mosjes se bergvesting, Thaba Bosigo.

Vanaf 1965 is die Louw Wepener dekorasie uitgereik aan lede van die Weermag wat buitengewone dapperheid aan die dag gelê het. Ek weet egter nie of dit vandag nog toegeken word nie.

Inligting verskaf deur Tiaan Jacobs van Kaapstad.

EK IS VERANTWOORDELIK...

EK BETAAL VIR MY MUNISIPALE DIENSTE

DOEN DIE REGTE DING – BETAAL JOU MUNISIPALE DIENSTE

JOU MUNISIPALITEIT HET JOU ONDERSTEUNING, AS 'N VERANTWOORDELIKE BURGER, NODIG OM DIENSLEWERING TE VERBETER.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

#PAYINGISCARING



UIT DIE PEN

So sal ons seker in vlak 1 sit tot in der ewigheid. As ek dit reg verstaan, kan ons nie sommer na vlak 2 of 3 beweeg nie, want die Krisiskomitee is ontbind en in 'n hofgeding betrokke om die geldigheid van die komitee en die inperkingsvlakke te betwis. Ek kan dit ook natuurlik verkeerd verstaan, maar dit daargelaat. Ons was weereens hierdie week in die plakkerskamp waar ons bediende woon. Dit het onlangs katte en honde en sewe mandjies vol gereën, en die grondpaaie het omtrent weggespoel omdat daar geen onderhoud of infrastruktuur is nie. My hart huil toe ons Gomorra, die plakkerskamp, inry. Eintlik nie inry nie, maar in hop, van een hobbel na die volgende gat in die grondpad. Kindertjies hardloop steeds rond, sorgeloos en die ouers maskerloos. Daar is 'n klein dogtertjie met 'n pienk rokkie aan wat met haar stukkende bal speel. Toe ons nader gehop kom, rol haar bal tot naby die bakkie. Twee

volwassenes wat naby die pad op die stoep sit en kuier, skree sommer van daar af dat die kinders uit die pad moet kom, want voertuie is gevaarlik. Ek wonder toe wat sal gebeur as jy iewers op iemand anders se kind skree dat hulle uit die pad moet kom, want voertuie is gevaarlik? Jammer om te sê, maar die deursnee wit Suid-Afrikaner sal jou kwalik neem as jy hulle kinders vermaan. Ons hop en ploeg deur die waterge vulde en waterlose gate tot by haar huisie teen die bult. Ek kry weer 'n haat in my hart vir die regering: hoe kan hulle mense so laat bly? Hoekom betaal ek belasting as daar niks aan hierdie mense se leefwyse gedoen word nie? Is dit waaroor die struggle gegaan het: om alles in sakke te laat verdwyn en dan kommissies aanstel wat die geld verder opvreet sodat hulle kan bevestig wat ons reeds weet? Maak 'n paar rand beskikbaar om gesinne en mense te help en iemand anders steel dit, wat niks vir hulle eie mense voel nie. Ek wil naard word. Terwyl die handvol goedere vanaf die bakkie afgelaai word, gaan wys sy my met groot trots hoe haar groentetuin lyk. Haar sinkhuisie is skoon en donker, want daar was net geld vir een venster in die sitvertrek. En daar is geen elektrisiteit nie, ook nie lopende water nie. Toe wonder ek: is dit nie dalk in 'n mate makliker om so 'n eenvoudige lewe te leef nie? Dit het my nogal lank laat dink. Vanoggend word ek by dagbreek wakker met 'n koor van voëls. Allerhande gekwetter en vrolike geskerts soos wat hulle van tak na tak beweeg. As jy in die beton-oerwoud bly, hoor jy dit nie. As jy in 'n sogenaamde eko-estate woon, ook nie. Want die logika

WEEK TWEE-EN DERTIG

agter die eko-estate maak glad nie sin nie. Die ontwikkelaars verwyder die natuurlike plantegroei, sonder om in-diepte ekologiese studies te doen oor die natuurlike plantspesies en diere wat daar voorkom. Ek praat spesifiek van in-diepte studies. Die ontwikkelaar maak daarop aanspraak dat die eko-estate ekovriendelik is, wat 'n moontlikheid kan wees, maar sonder die oorspronklike plantegroei, want die nuwe plante wat aangeplant is en die geboue het reeds die ekologie so versteur dat sommige spesies dood is en die ander migreer het. My punt is: as jy soveel geld het om op 'n eko-estate te spandeer, mis jy die eenvoudige dinge in die lewe, soos die voëlgesang vroegoggend. Sou dit nie net makliker gewees het om met so min reg te kom nie? Dan het jy minder om na te kyk en soveel meer om te waardeer. 'n Klein groentetuin waarop jy baie trots kan wees en wat kan sorg dat daar kos op die tafel is. Daar is minder van jou belasting wat in iemand se sak verdwyn, want die munisipale rekening is nie meer nodig nie, want watter dienste is daar in 'n plakkerkamp? Meeste van die werkers is stukwerkers wat nie vir SARS werk nie en jy kan die kontant in jou sak stop. Jy hoef jou nie te omring met elektriese heinings en duur sekuriteit nie, want jou buurman het net soveel as jy, indien nie meer nie. Sy sinkhuisie is in elk geval so naby aan jou dat jy sommer dit wat jy wil hê of "leen" van een venster na die volgende kan aangee, indien jou huisie meer as een venster het. Jy hoef na geen sinnelose politiekery te luister nie, want niemand kom in elk geval in jou

kiesafdeling besoek aflê nie. Watter politikus sal met sy peperduur lang slap Duitse motor daar ingaan? Die ou paadjies is so smal dat jy nie eers behoorlik kan draai nie. Nie eers met sy 4x4 vuurwa nie, want ek is seker sy skokbrekers gaan dit nie maak nie. Hulle sal ook hulle neuse optrek vir die kiesers wat daar woon. Watter beloftes gaan hulle daar maak? Ons kan saam-saam loop om water aan te dra huis toe en gaan meer tyd hê om met mekaar te kuier, al is dit rondom die watertenk. Die tannie drie huise van jou af braai vandag vleis op haar stoep en verkoop dit aan enige iemand wat belangstel. Daar is 'n piepklein Spaza-winkel 10 huise van jou af en oppad soontoe gesels jy sommer met die buurvrou. As ek om hulp gaan skree, gaan al my bure dit hoor – ek gaan eintlik baie veilig voel. Dalk gaan dit nie so rooskleurig wees as wat ek dit nou skilder nie, maar ons gaan definitief minder bekommernisse hê. Minder is meer, sê hulle mos. Behalwe vir die politici. Vir hulle is dit: meer is meer. En hoe meer ons kan gryp en steel, hoe beter vir ons. Totdat iemand eendag uit rat uit vlieg en die hele spul toesluit. Maar dit gaan nie binnekort gebeur nie. Want politici is nie soos Robin Hood wat van die rykes steel om vir die armes te gee nie. Robin Hood het in Hollywood verander, waar elkeen alles het wat sy hart begeer, maar nie altyd innerlike geluk nie.



Isak Daniel Myburgh

DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Isak Daniel Myburgh** oorlede op oorlede op 3 November 2020 in die ouderdom van 60. Die diens sal plaasgevind vanuit die NG Suid Kerk op 11 November 2020 om 12:00. Hy laat na sy eggenote, René Myburgh, familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Mathakane Florence Mosala** oorlede op 31 Oktober 2020 in die ouderdom van 32. Die diens sal plaasgevind in Petrus Steyn op 7 November 2020. Sy laat na haar familie en vriende.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

Gee vir hulle wat trauma belewe kans om te praat en leer om te luister. Jy moet die emosies agter alles kan raaksien en jy moet opreg omgee en nederig wees om te kan luister. Luister rustig en moenie hulle doodpraat nie. Gee kans dat hulle kan sê wat hulle graag wil sê. As mense gehoor word is dit of hulle innerlik herstel en genees. Dis so belangrik vir hulle wat trauma

beleef om te kan uitpraat en te weet daar is iemand wat luister en omgee. Wees dan altyd daár vir hulle wat 'n behoefte het om gehoor te word. Soms is 'n ou drukkier ook van waarde en laat die persoon voel daar is iemand wat omgee. Sulke persone het mense se "luister" baie meer nodig as 'n klomp raad en verál nie "preke" nie, dit laat hulle net skuldig voel. Hulle kan dink jy dink hulle is nie gelowig genoeg nie.

*Bron: Dr Wilhelm Burger
Ingestuur deur Heléne*

KENNISGEWINGS

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the estate of the **LATE PIETER WOUTER DU TOIT**, Identity Number: 430323 5048 083, in life unmarried, residing at 7 Mark Street, district Vrededorf, Province Free State, who died on 5 August 2020. **Estate Number: 7063/2020**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 28 October 2020. **(SIGNED) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET HEILBRON, 9650**

Neem asseblief kennis dat die **HEILBRON HERALD** se winkel & fabriek sluit vanaf **18 Desember 2020 en heropen DV 6 Januarie 2021.** Plaas asb. u bestellings vroegetydig om teleurstelling te voorkom.
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

Verskeidenheid dagboeke vir 2021 nou beskikbaar by Herald Office National
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033



Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

HEAR4LIFE, 'n gehoorpraktijk van Pretoria, **besoek Heilbron** weer op **DONDERDAG 12 NOVEMBER.**

Dit is die laaste besoek vir die jaar. Laat weet asb. voor of op **DINSDAG 10 NOVEMBER** om teleurstelling te voorkom. Ingekontraakteer met mediese fondse. Weens die huidige Covid-19 pandemie, word gehoortoets in die veiligheid van u eie huis gedoen.

WHATSAPP OF SKAKEL 063 959 3028 VIR AFSRAKE OF NAVRAE



VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za

ANNELIZE 082 331 9856

HEILBRON

VEGKOP -

NUUT IN DIE MARK:

Baie netjiese 4 slaapkamer-huis met 2 badkamers, ruim woonvertrek met oopplan kombuis en eetkamer. Lekker kuier stoep. Aparte waskamer, dubbel motor-huise. Baie netjiese tuin. **R1,250 Miljoen**

NUUT IN DIE MARK:

Stewige huis, geen barste, lae instandhouding. Huis beskik oor 3 slaapkamers, 1½ badkamer, kombuis, eetkamer, sitkamer, enkel motorhuis met 'n groot erf. **R550 000**
NUUT IN DIE MARK: Besigheidsperseel met uitstekende ligging. Ideaal geskik vir kantore en aparte

gebou wat verhuur kan word vir ekstra inkomste. **R800 000**
(Onderhandelbaar)
HUISE TE HUUR
Netjiese 4 slaapkamerhuis met 2 ½ badkamers. sitkamer, eetkamer, aparte waskamer. 2 kuier stoepe met 'n swembad. Dubbel motorhuis asook dubbel afdek. **R7 000pm**

GEVESTIGDE BESIGHEDE NOU IN DIE MARK!

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak **Jaco Meiring 082 851 6158** of **Piet Meiring 082 571 4191** peerlandhandel@gmail.com **R**

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak **Evert Kleynhans 072 018 3685** Heilbron **R**



OULANDSGRASBALE

Swaar bemesde ouldsgrasbale te koop. **Skakel Hennie Naudé 083 269 9293** K0762

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 13:00 (Volwassenes)
14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

DIENTE

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30 • Saterdag: 09:00 - 13:00
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30

Elsstraat 42 HEILBRON
Tel: 058 853 0006

GiG Technologies (Pty) Ltd
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Service
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@gigtechnologies.co.za

Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531 G

TE KOOP

BOOT SALE

Saturday
7 November 2020
From: 9:00 - 13:00
Where:
Between Els Street and Total Garage



Hope to see you there!

WINSKOOP!

1,8 hektaar plot met 6-slaapkamer huis, 3 badkamers, groot oopplan leefarea met binne braai-area. Swembad met aparte buite braai-area. Ruim 2 slaapkamer woonstel.
Skakel 082 560 5935 vir meer inligting.

UMHLANGA VAKANSIEWOONSTEL

Vakansiewoonstel te **UMHLANGA CABANAS**, 5 tot 12 Maart 2021.
2 Slaapkamers vir 4 volwassenes en 2 kinders onder 12. R6 000 vir die week. (werk uit R214.28 pppd).
Kan afbetaal tot einde Januarie 2020.
Kontak 082 806 2622

GEMEENSKAPSNUUS

WENNER VAN VVA KOMPETISIE

Vystaat Versorging in Aksie het op 2 September 2020 'n nuwe projek aangepak met die opening van 'n kwekery op hulle perseel in Pleinstraat. 'n Promosie is aangebied met 'n Hamper as prys vir die kliënt wat die meeste aankope gedoen het teen einde Oktober. BONUS HARDEWARE het 'n kruise vol

tuingereedskap geborg en Jannie Bornman het die prys oorhandig aan Mnr Antonie Muller van Heilbron, wat die meeste aankope vir hulle pragtuin gedoen het gedurende die 2 maande. Antonie het ook onlangs hulle tuin onder besproeiing gesit met die hulp van VVA kwekerybestuurder, Bertus Brunsdon, wat die installasie van die stelsel gedoen het. Hy is baie tevrede met hierdie besproeiing-stelsel wat aan sy boorgat gekoppel is wat sal bydra tot die instandhouding van sy tuin. Vir enige navrae skakel gerus vir



Op die foto agter vl: Antonie Muller en Jannie Bornman

Bertus by 079 874 9368. Die VVA se bestuur wil die gemeenskap en besighede van Heilbron bedank vir hulle ondersteuning. Gaan besoek gerus

die VVA op Woensdae en Saterdag van 9:00 tot 12:00 en raak deel van die liefdadigheidsprojekte wat reeds vir 112 jaar 'n verskil maak!

WESSENTIAL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers
P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer

DIENSSENTRUM-LEDE HOU PIEKNIK TE VEGKOP

Angus TEELBULLE Te Koop

2 JONG GESERTIFISEERDE SKOON VELDBULLE

Reg om te werk!

R25 000 UITSLUITEND BTW

Tom Watson: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za

Die dienssentrumlede het verlede week gaan piekniek hou op die Vegkop-terrein. Hierdie week was die program vol met 'n mini vasvrae, gevolg deur 'n boekvoorsleesing en 'n gesprek oor muile uit die boek: Hoe verklaar jy dit? Volgende week is die onderwerp " 'n Dag in die lewe van 'n huisbediende", en die lede gaan rolspel doen.

BACK TO SCHOOL

2021 Catalogue & Orders
NOW available online
www.heraldofficenational.co.za

UILE IN ONS OMGEWING - VYAND OF BONDGENOOT?

■ Sylvia Meades



Die lewe is só vrek ironies, weet jy... As mens om jou rondkyk na jou mede-homo sapiens en jy sien die onskuldiges (hulle is nog baie jonk), die beterseters, die alleswetters, die intellektueles, die wat net eenvoudig nie omgee nie en die oningelikes en... en... Maar hoe bring dit ons by uile, wil jy weet. Kom ons gesels oor uile.

In ons omgewing sien ek hoofsaaklik Nonnetjies-uile en Gevlekte bruin Ooruile. Soos baie ander mense het ek ook grootgeword met die bygelooft oor uile... totdat ek op 'n dag afgekom het op 'n bruin Ooruil wat raakgery is waar hy gesit en eet het aan die goggas onder 'n lamp. Die gee-nie-om-nie in sy Ranger met 'n 'bull bar' het aanhou ry terwyl hy op sy selfoon praat en nie eens omgekyk na die 'trofee' wat hy agtergelaat het nie. Die uil was nie dood nie; maar sy vlerk was afgeruk – 'n doodsvonnis vir hom. Om só 'n pragtige dier so spartelend en verwe te sien, was hartverskeurend.

Dan is daar die beterseters wat hierdie manjifieke dier, wat bedoel is om vry en geruisloos rond te vlieg, vang en in 'n hok sit. Hoe enigiemand dit oor sy hart kan kry om iets só wrede te wees, gaan my verstand te bowe. Wat op aarde wil hy/sy daardeur bereik?

Ek het 'n paar jaar gelede vir dr Gerhard Verdoorn gekontak om uit te vind presies hoe die uilhuis vir 'n Gevlekte bruin Ooruil, wat ek gereeld naby ons huis opgemerk

het, moet lyk. Dawid het dit presies so gebou en sedertdien het die huis gereeld inwoners. Die paartjie het pas hulle derde broeis uitgebore. Hulle is goeie ouers wat lewenslank by mekaar bly. Pa bring kos huis toe terwyl ma op die eiers sit en ma leer die kleintjies vlieg en jag. Natuurlik is daar die addisionele bonus van geen muis wat – veral in die winter – in die huis inkom nie.

Ons kan baie lank gesels oor uile of ander voëls of die Here se skepping. Maar as jy my gaan toelaat, wil ek baie graag net een beroep op jou doen. Ek weet jy is slimmer as die alleswetters of die beterseters of wie ook al. Daarom kan ek vir jou vra: Uile is wilde voëls; só moet ASSEMBLIE nie aan hulle dink as troeteldiere nie. Moet hulle in hemelsnaam nie in 'n hok sit nie. Dit is wreed en net 'n onkundige mens sal 'n wilde voël, wat blakend gesond is, in 'n hok aanhou.

Jy kan natuurlik van my verskil, maar bel gerus vir dr Verdoorn om te hoor hoe om die regte uilhuis vir die regte uil te bou (of te koop). Ek waarborg dat jy sal leer hoe om 'vriende' te word met hierdie geveerdes met die pragtige geel oë. (Dis nou die bruin Ooruile). Dr Verdoorn se nommer is: 082 446 8946.

My beroep op jou is opreg en in belang van die skepping waaroor ek en jy met verantwoordelikheid en waardering moet heers. Daarom skryf ek nie anoniem nie.

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron

Latest Releases:
The Secret – Dare to Dream
Deep Blue Sea 3
The Public Scoob

Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837



REIMLAND JAGTERSVERENIGING

Vir die eerste keer sedert die inperkingsperiode vind daar weer 'n skietdag plaas, Saterdag, 7 November om 09:00. Jaggeweer groeperingskiet (5), Haelgeweer 5-kleie, pistool (10) en .22 groepering (5).

Inskrywingsgelde beloop R100. Elkeen word herinner dat Covid-19 reëls steeds sal geld. Daar sal geen jaareindfunksie hierdie jaar plaasvind nie en word voorlopig uitgestel tot vroeg volgende jaar.

Neem asb. kennis dat die **HEILBRON HERALD** se winkel & fabriek sluit vanaf **18 DESEMBER EN HEROPEN DV 6 JANUARIE 2021**. Plaas asb. u bestellings vroegtydig om teleurstelling te voorkom. **Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033**

ORDER NOW

Heilbron Herald

Custom calendars
Wall calendars
Tent calendars
Desk Pads
Birthday calendars
2021 Diaries

February

058 852 3033

marketing@heilbron.co.za | herald@heilbron.co.za

Kragrekening kopsere?
Lucidus, nou in Heilbron – ons kan jou help om elektries effektief en selfs onafhanklik te word!

Lucidus
lights on

Venter Malan 082 909 6999 www.lucidus.co.za

VACANCY
SALES REPRESENTATIVE - TRENTYRE HEILBRON
Applications from interested and suitably qualified candidates are invited in respect of the above position.

Core Purpose:-
To service existing customer accounts to ensure customer needs identified are met, customer service excellence is maintained and to identify and obtain new business.

Key Performance Areas:-
Execute plans to service customers and meet agreed annual sales plan.
Implement administrative and procedures to ensure customer needs and TrenTyre standards and procedures are met.
Develop and improve TrenTyre customer base and sales.
Manage self to improve personal effectiveness.

Skills and experience required:-
Good interpersonal skills and assertive negotiator at management level.
Effective communication, selling and negotiating skills.
Ability to work independently as a self-starter within the TrenTyre team.
A passion to succeed in a challenging environment.

Qualification required:-
Grade 12 (Matric) plus IMM diploma would be an advantage
Drivers licence

If required, applicants will be subjected to the necessary evaluation processes.

Forward CV to **Henry Trollip**, by no later than **Wednesday, 2020/11/11**, via e-mail to **henry_trollip@trenntyre.co.za** or deliver at **TrenTyre Heilbron 22 Langmark Street, Heilbron, 9650**

HERALD

BESIGHEIDSLIGA FINAAL

Dinsdagaand 3 November 2020 het die rolbalkklub se besigheidsliga geëindig met pret en plesier van "epidermiese proporsies".

Weereens baie dankie aan al die besighede se ondersteuning met donasies, asook die inskrywings van die spelers om van hierdie besigheidsliga 'n groot sukses te kon maak. Om elke besigheid te noem sal 'n volle bladsy beslaan, maar besondere dank aan Jacques van Rooyen en John Watson vir julle bydraes, asook die bestuur van die gholffklub vir julle ondersteuning, in besonder Gerrie Muller.

Agter die skerms is daar veral hard deur die lede van die rolbalkklub gewerk om seker te maak dat elke deelnemer en ondersteuner versorg is met lekker etes.

'n Klompie jare gelede het Tom Watson 'n mooi spieël aangebring met die naam "VRIENDEKRING" daarop. Hierdie jaar is dáár vriendskappe gesmee wat sal hou tot die volgende besigheidsliga. Ruben van die gholffklub ons verversingsbeampte, het verseker dat hierdie vriendskappe blywend gaan bly.

Die hoogtepunt van die aand was natuurlik toe Tommy Dickson, alom bekend as Vaatjie van Toks en Tjops-faam met sy span hier gearriveer het. Die Webers (ketelbraaiers) is sommer vroeggaand reeds volgepak met Heilbron Abattoir se smullekker steaks en is met Weber se eie unieke speserye besprinkel.

Dankie aan John Watson vir hierdie lekker verrassing.

Alhoewel daar baie geraas en gejil is op die baan, veral in die wedstryd tussen die dames van Nip en Tuck en JCB, is ernstige rolbal gespeel tussen die spanne van Pluimbal, Achaar, Gholffkomitee en L & T Boerdery.

Die span van die gholffkomitee het uiteindelik weggestap as die winners met L & T Boerdery as naaswinners, terwyl Pluimbal en Achaar onderskeidelik in die derde en vierde plekke geëindig het.

Gedurende die afgelope weke is verskeie pryse oorhandig. Dinsdagaand het elke speler van

deur Burger en Annari Combrink, ontvang.

Die hoofdoel van die besigheidsliga was om fondse in te samel vir die rolbalkklub en dit was baie suksesvol, maar die plesier en vreugde van die afgelope 4 weke was iets baie besonders vir 'n ieder en 'n elk.

So 'n suksesverhaal kan net afgesluit word as daar 'n getroue ondersteuner elke aand langs die baan sit wat elke speler en elke bal wat gerol word motiveer.

Neels Lues, almal sê baie dankie vir jou ondersteuning!

Volgende week sal 'n volledige foto bylae geplaas word.

SPORT



Magda Bierman is die gelukkige wenner van die Weber ketelbraaier nadat haar bal die naaste aan die pen was. Die braai is geborg deur Herald Office National.

LAASTE LIGA MÔRE OP BETHLEHEM

Heilbron Gholffklub se laaste ligabepaling word môre op Bethlehem se baan beslis. Alhoewel hulle kans om die beker te wen verby is, kan hulle nog tweede eindig. Dit gaan moeilik wees om die haas uit die hoed te ruk omrede hulle teen Bethlehem 2 speel op hulle tuisbaan. Heilbron se kaptein, Abrie Watson, het sy span soos volg gekies vir die laaste wedstryd: John Watson, Julian

Bruyns, Edward Muller en Riaan Schutte.

Heilbron Gholffklub se jaarvergadering word Woensdag om 18:00 gehou en lede word gevra om dit by te woon. Die jaarlikse Prestige-dag word vanjaar op 21 November aangebied.

Dié naweek is dit weer Mug-dag en inskrywings en afslaan is vanaf 11:00.



RSA Grain Storage Solutions se borgdag het gesorg vir 'n goeie opkoms en drie spelers was gelyk op 39 punte, maar met die beter tweede nege is Sagaria Mhoholo eerste geplaas, Tommy Watson tweede en Riaan Schutte derde. Gerrie Muller, president van die klub, het in sy toespraak die borg bedank en beklemtoon dat klein klubs soos Heilbron nie kan bestaan sonder borge soos RSA nie.

F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830

www.ftcfrankfort.com

**BRAKES
&
CLUTCHES**

**HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com

BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 9 NOVEMBER 2020

BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 10 NOVEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DONDERdag - 12 NOVEMBER 2020

FRANKFORT 30ste HERDENKINGSVEILING
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYdag - 13 NOVEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VRYdag - 14 NOVEMBER 2020

BLOEMFONTEIN: NASIONALE SUFFOLK
VEILING
28 Ramme & 5 Ooie
11:00, BKB kompleks, Currielaan,
Bloemskougroende
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za